basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

## NOVEMBER 2025

**PUNTE: 100**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (50) |
| AFDELING B: | Lang transaksionele teks | (30) |
| AFDELING C: | Kort transaksionele teks | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag in elke afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word. Vermy sms-taal.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart, vloeidiagram of sleutelwoorde. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elke afdeling skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Daar word aanbeveel dat jy 'n streep deur alle beplanning trek.

7. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 80 minute |
| AFDELING B: | 40 minute |
| AFDELING C: | 30 minute |

8. Nommer die skryfstukke korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Skryf die titel/opskrif boaan elke skryfstuk.

10. Die titel word NIE in aanmerking geneem wanneer die woorde getel word NIE.

11. MOENIE met 'n potlood skryf NIE.

12. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

- Skryf 'n opstel van 250–300 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe in VRAAG 1.1 tot 1.8.

1.1 Dít het ek by my maat(s) geleer **[50]**

1.2 Die huis op die hoek van die straat **[50]**

1.3 Ek sien uit na 2026! **[50]**


1.4 "Nee" is die moeilikste woord om te sê **[50]**

1.5 Vryheid **[50]**

Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n opstel oor 'n onderwerp waaraan jy kan dink. Skryf die vraagnommer (1.6, 1.7 OF 1.8) en gee jou opstel 'n geskikte titel.

**LET WEL:** Jou opstel moet met die prent verband hou.

1.6




[Bron: Eksaminator eie werk] **[50]**

1.7



[Bron: fineartamerica.com] **[50]**

1.8



[Bron: DALL·E/ChatGPT] **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

**AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS**

**VRAAG 2**

- Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

2.1 **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jy was by 'n lekker musiekkonsert en het die aand baie geniet.

Skryf 'n VRIENDSKAPLIKE BRIEF aan jou maat om vir hom/haar van hierdie lekker konsert te vertel. **[30]**

2.2 **DEKBRIEF (FORMELE BRIEF)**

Daar is 'n pos as onderwysassistent by Laerskool Sonskyn. Jy wil graag onderwys studeer en dink dit is 'n goeie kans om geld te verdien én te leer.

Jou naam is Zintle Cona. Skryf die DEKBRIEF aan meneer Dickson, hoof van Laerskool Sonskyn, wat jy saam met hierdie CV gaan ingee.

| | |
|---|---|
| Van: | Cona |
| Volle name: | Zintle |
| Geboortedatum: | 15 Mei 2006 |
| Identiteitsnommer: | 0605159999999 |
| Adres: | Hoofstraat 20, Noordburg, 2000 |
| Kontaknommer: | 062 321 4567 |
| Hoogste graad geslaag: | Graad 12 |
| Ervaring: | Toesighouer by Blommetjie Nasorgsentrum |
| Belangstellings: | Atletiek, kuns en lees |
| Tale (wat jy kan praat): | Afrikaans, Engels en isiXhosa |

**[30]**

2.3 **HULDEBLYK**

Jou oom by wie jy baie van jou kultuur en tradisies geleer het, is onlangs dood.

Skryf die HULDEBLYK wat jy by jou oom se gedenkdiens gaan lewer. **[30]**

2.4 **INFORMELE TOESPRAAK**

Die skoolhoof het jou gevra om tydens julle laaste skooldag 'n INFORMELE TOESPRAAK te lewer. Jy moet namens die graad 12-leerders praat oor die vyf jaar wat julle saam op skool was.

Skryf jou TOESPRAAK. **[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

## VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80–100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

### 3.1 UITNODIGINGSKAARTJIE

Jy word een van die dae 18 en wil graag 'n lekker partytjie saam met jou maats hou.

Skryf die UITNODIGINGSKAARTJIE om jou maats na jou 18$^{de}$ verjaardag-partytjie uit te nooi. **[20]**

### 3.2 DAGBOEKINSKRYWINGS

Jou gunstelingonderwyser het die skool verlaat. Daar is 'n nuwe onderwyser in sy/haar plek.

Maak die volgende TWEE DAGBOEKINSKRYWINGS:

- Die aand nádat jy jou gunstelingonderwyser gegroet het
- Die aand nádat jy vir die eerste keer in die nuwe onderwyser se klas was **[20]**

### 3.3 RIGTINGAANWYSINGS

'n Onderwyser van 'n ander skool moet 'n vergadering by julle skool kom bywoon.

Gee vir die onderwyser duidelike rigtingaanwysings hoe om van die taxi-staanplek onder in die dorp tot by julle skool te kom. Noem 'n paar straatname en bakens.

Skryf die RIGTINGAANWYSINGS puntsgewys, onder mekaar en in volsinne neer. **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou